*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (7/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 26 Februarie 2021*

***" Another flaw in the human character is that everybody wants to build and nobody wants to do maintenance" Kurt Vonnegut***

**TZANEEN DAM LOOP OOR**

Nie te lank gelede nie was die Tzaneen dam, wat water aan die groot Letsitele produskiestreek voorsien, minder as 8% vol. Die afgelope week was die sosiale media vol foto's en video's van die dam wat oorloop. Alhoewel produsente baie bly oor die gesig moet wees - kan 'n mens nie voel dat hulle 'n bietjie gegrief (kwaad, briesend) sal wees oor die onbevoegdheid van die regering wat nie voortgegaan het met die verhoging van die damwal nie; en die geld wat opgeraak het om die werk te voltooi. Hierdie onbevoegdheid beteken dat miljoene kubieke meter wat opgegaar kon word, nou verlore gegaan het.

**VK VEREIS NIE MEER FITOSANITÊRE SERTIFIKATE VIR SUID-AFRIKAANSE SITRUS NIE**

Die VK het op 31 Desember 2020 die EU verlaat en sy Fitosanitêre wetgewing verander om sy prioriteite vir plantgesondheid te weerspieël. Een daarvan is dat alle lande vrygestel is van die lewering van 'n sitrus fitosanitêre sertifikaat (PC) vir invoere na die VK [SA, Eswatini en Zimbabwe ingesluit]. Beide DALRRD en die CGA het bevestiging deur amptelike briewe van DEFRA [Department for Environment, Food and Rural Affairs] ontvang. Hierdie stap word verwelkom.

Dit spruit uit die tien plant en plantprodukte wat deur die VK gekies is [ingevolge die Brexit-ooreenkoms] om van die vereiste van 'n PC in die toekoms vrygestel te word. Alle ander plant en plantprodukte benodig 'n PC [selfs afkomstig van die EU - dit is natuurlik nuut en vervang die EU Plantpaspoort wat tot dusver 'n relatiewe maklike vereiste vir die interne handel in die EU was].

Vir duidelikheid, beide Ierland en Noord-Ierland bly in die EU SPS-gebied, onderhewig aan die EU-invoervereistes.

Die lys van produkte wat nie meer 'n PC benodig nie, is op https://www.gov.uk/guidance/importing-plants-fruit-vegetables-or-plant-material-to-the-uk#when-you-do-not-need-to-get-a-pc beskikbaar.

Die VK se PC vereiste tree op 1 April 2021 in werking en die fisiese inspeksie begin in Julie 2021. Die uitdaging sal uiteraard die aanvanklike tydperk wees, aangesien al die reëlings in plek moet kom. Verwag dus en maak voorsiening vir vertragings op die VK grense. Twee kwessies om van kennis te neem:

1] In die onwaarskynlikheid dat 'n dispuut tussen die EU en die VK daartoe lei dat die VK sy vereiste verander en dat sitrusvrugte weer 'n PC benodig, het die CGA versoek dat DALRRD die "regulatory capacity" moet behou om EU PC's vir sitrusvrugte wat na die VK gaan, uit te reik.

2] Die praktyk van SA uitvoerders of kopers om SA sitrusvrugte van die VK na die EU te skuif [bv. sou daar beter betalende opsies in die EU wees], is nie meer moontlik nadat vrugte deur doeane is nie. Dit sal so wees al het DALRRD 'n SA fitosanitêre sertifikaat uitgereik om te verifiëer dat die sitrusvrugte aan die EU-invoerwetgewing voldoen. Uiteraard kan SA sitrusvrugte 'n COD na die EU ondergaan voordat dit deur doeane in die VK gaan, indien dit met 'n EU-PC uitgereik is.

**VARIËTEITSFOKUSGROEPE (VFG)**

Portia Magwaza (CGA Ekonoom Navorsing) was die week besig met die suurlemoen, pomelo en sagte sitrus fokusgroepe wat almal hul vergaderings gehou het. Daar is begin om die oesskattings vir 2021 in te samel, wat by die Sitrusbemarkingsforum-vergadering, wat vir 17 Maart 2021 geskeduleer is, bekend gemaak sal word. Volgende week (2 Maart @ 10:00) vergader die gekombineerde valencia en nawel (lemoene) fokusgroep.

**WEEKLIKSE STATISTIEKE**

In die meeste statistiese bronne word pummelo en pomelo in een kategorie gegroepeer. China oorheers hierdie kategorie (met pummelo produksie), terwyl Mexiko ook pummelo's produseer. VSA is die grootste pomelo produsent. Pummelo / pomelo produksie ranglys lyk soos volg: (gemiddeld 2015/16 tot 2020/21): 1. China (4 755 000 ton); 2. VSA (561 000); 3. Mexiko (454 000); 4. Suid-Afrika (360 000); 5. Turkye (262 000).

Pummelo / pomelo uitvoer ranglys lyk soos volg: 1. Suid-Afrika (249 000); 2. China (204 000); 3. Turkye (171 000); 4. VSA (76 000); 5. Israel (61 000). Die grootste pummelo produsente verbruik die meeste binnelands - China voer 4% uit en Mexiko 5%. Suid-Afrika voer 69% van die produksie uit, Turkye 65% en Israel 42%.

*THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS*